NUUSBRIEF MyAHi 23 OKTOBER 2023

# NUUSFLITS




Die AHi het die top drie inskrywings in al die kategorieë in vanjaar se MyAHi-toekennings bekendgestel. Ons wens graag vir al die deelnemers wat op die kortlys geplaas is hartlik geluk! Kyk gerus die video in die onderstaande storie waar Dr. Willie Cilliers u nooi om te stem vir die deelnemer in elke kategorie wie jy dink met die prys moet wegstap.

Verder nooi ons vir ieder en elk uit om ons jaarlikse gala-geleentheid by te woon. Die MyAHi-toekennings sal tydens hierdie geleentheid uitgeloof word. U kan ook uitsien na ‘n toespraak deur ‘n spesiale gasspreker. Natuurlik sal die geleentheid ook ‘n fantastiese netwerk geleentheid wees!

Ons deel ook nuus vanuit sekere van ons sakekamers in hierdie week se nuusbrief met u!

## Plaas jou stem in die jaarlikse MyAHi-toekennings.



Ons is opgewonde om die Top 3 deelnemers in elkeen van die MyAHi-toekennings se kategorieë bekend te stel. Die kortlys is opgestel nadat ons paneel van beoordeelaars al die inskrywings ontvang en deurgewerk het.

Die publiek het nou die geleentheid om vir hulle gunstelinge in elke kategorie te stem! In die onderstaande video kondig Dr. Willie Cillers, voorsitter van die AHi die Top 3 deelnemers aan. Kyk gerus die video om meer oor die toekennings uit te vind.

Om te stem, klik hier.



# Bespreek jou tafel vir die AHi se gala-geleentheid.



Tafelbesprekings vir die jaarlikse AHi gala-geleentheid is nou oop! Ons nooi alle belangstellendes om plek te bespreek om deel van hierdie merkwaardige geleentheid te wees. Die MyAHi-toekennings sal tydens die geleentheid uitgeloof word, maar ons is ook opgewonde om ‘n spesiale gasspreker by die geleentheid te verwelkom.

Dr. Braam Hanekom, direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis, sal die gasspreker by hierdie geleentheid wees.

Sien die onderstaande uitnodiging vir meer inligting.




## Navigating entrepreneurship: the crucial role of mental resilience.



For entrepreneurs with a natural drive to work autonomously, build a dream and make a meaningful contribution towards the economic development of their communities and country, nothing is more rewarding than launching and running a successful business. However, while the achievement of these ambitions is often spoken about in a positive light, there are several significant downsides. The demands of owning a small business can take an incredible toll on your mental health, which is why prioritising your wellbeing as an entrepreneur is vital in achieving long-term success.

Business Partners recently released an article in which they explore this topic and offer valuable advice to business owners as it pertains to mental resilience.

Click here to read more.





Luidens ‘n berig op Maroela Media is inflasie weer aan die styg. In September het inflasie vir die tweede agtereenvolgende maand gestyg. As gevolg van hierdie tendens is kenners bekommerd oor waar die inflasiekoers teen die einde van die jaar gaan staan.

StatsSA se data toon dat inflasie 4.8% in Augustus to 5.4% in September geklim het. Dit beteken die inflasiekoers is nou wat dit in Junie vanjaar was.

Klik hier om meer uit te vind oor die drywers agter die stygende inflasiekoers.

Oudtshoorn Sakekamer




Die Oudtshoorn Sakekamer is opgewonde om u uit te nooi na hulle jaarlikse Gala-aand op 30 November 2023 by De Opstal Country Manor, 'n pragtige venue.

Hierdie jaar is die sakekamer bevoorreg om professor Johan Fourie, die skrywer van die topverkoperboek "Skatryk", as hulle gasspreker te hê. Hy sal oor die onderwerp praat:" Armoede of Volmoed? Lesse uit die verlede vir ons toekoms".

Benewens 'n stimulerende en leersame praatjie, sal die Gala-aand ook 'n heerlike driegang-ete en 'n kontantkroeg bied. Daar is 'n vegetariese opsie beskikbaar. Noem dit asseblief wanneer 'n kaartjie bespreek.

Kaartjies vir die geleentheid kos R400.00 per persoon en is beskikbaar by die sakekamer se kantoor. Daar is ook 'n opsie om 'n tafel vir 10 mense te bespreek teen R4 000.00 per tafel.




**MyAHi Wes-Kaap**

info@ahiwc.com | www.myahi.co.za

**Ons adres is:**
Yorkstraat 112
Harry Mann Centre
George
6529
Suid-Afrika

Alle regte voorbehou 2023 © Uitgereik deur Digency